



## 9 JUNIE

09:00 Pinksterfees en Wintertee

Johan Jooste


*Die Heilige Gees in die verhaal van die Samaritaan – die Heilige Gees skenk lewe.*

09:00 Kategese gr 1-6

Geen Kleuterkerk a.g.v. Wintertee

18:00 Aanbiddingsdiens

Jeanri Bezuidenhout



Die Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Wintertee na die oggenddiens in Koinonia. Baie dankie aan die dames wat eetgoed by die tee voorsien. U meelewing word opreg waardeer.

## 16 JUNIE

09:00 Erediens

Fouché de Wet

18:00 Aanddiens – Koinonia

Peet Crous

*Jakkie Strachan* is tydens die afgelope Kerkraadsvergadering as primarius kerkraadslid vir die Nuwe Generasie Bediening verkies.

 *Eric Scholtz* se landlynnummer het verander na 012 472 0094.



### Vaste Termynpos Jeugleeraar

Die kerkraad van Lynnwood Gemeente het op sy vergadering van 27 Mei 2019 besluit om 'n vaste termynpos vir 'n jeugleeraar te skep. 'n Vaste termynpos beteken dat die persoon wat die pos beklee 'n beperkte opdrag en dienstermyn het. Die dienstermyn sal tot 29 Februarie 2020 strek waarna die kontrak heroorweeg sal word met die oog op nog 'n diensjaar. Die geskikte persoon sal vir 'n vyf en twintig uur werksweek gekontrakteer word en van die kernpligte van 'n jeugleeraar uitvoer. Dit sluit in: prediking, pastoraat, die organisering van die senior kategese, jeugkampe, sommige kleingroepe, leierskap van die Nuwe Generasie Bediening en deelname aan ander organisatoriese strukture, soos die kerkraad en die predikantekommissie. Belangstellendes kan hul CV indien of per e-pos aan die kerkkantoor stuur. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag, 1 Julie 2019. Vir verdere navrae kan een van die leraars geskakel word.

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Dinsdag:</b>	<b>Gemeentevroue Groep 4</b> 09:30 (Alida Mennen, Chappiesweg 329, Lynnwood, 082 566 0229). Prof Conrad Wethmar praat oor <i>wat is geloof</i> . Almal welkom. <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. <b>Nuwe Generasie Bybelskool</b> 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. <b>Bybelstudie</b> 19:15 (Koinonia) – Evelyn Jordaan oor <i>ontmoetings met Jesus</i> .
<b>Woensdag:</b>	<b>Kleingroep vir Mammass met babas en kleuters</b> 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323.
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 09:30 (Lynnwood Oord). <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
<b>Vrydag:</b>	<b>Gebedsgroep</b> 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263   Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## P.T.E.D

**PTSD** – Post Traumatic Stress disorder. Dit is 'n baie onaangename toestand en 3,5% van mense in VSA het dit tans. 9% van alle mense ly daaronder in hulle leeftyd. Dit gebeur gewoonlik na traumatiese gebeure, soos 'n ongeluk of oorlog. Ongeveer die helfte van pasiënte reageer goed op medikasie en/of berading. Simptome sluit in: nagmerries en die herlewing van die bepaalde slegte gebeure, alhoewel heelwat mense vermy om daaroor te praat. Misbruik van een of ander verslawende substansie is dikwels 'n uitvloeisel van PTSD.

Daar is 'n kans dat 'n familielid van PTSD Suid-Afrika gepak het naamlik PTED.

**PTED** – Post traumatic Election Disorder. Groot dele van die Suid-Afrikaanse bevolking ly daaraan. Gewoonlik is dit die uitvloeisel van hoop hê wat deurlopend onderdruk word deur korrupsie, wanadministrasie, nepotisme en die vermyding van 'n verslegtende situasie by ESKOM ensovoorts. Dit word grotendeels vererger deur kerke wat hulle profetiese stembande verkwansel het en hand om die lyf loop met bevelde politici.

Wat kan mens daaraan doen. E-kerk het my nogal daarmee gehelp:

- [1] Saam met ander gelowiges sal ek poog om verder te probeer sien as my eie groep (ouderdomsgroep, etniese groep ensovoorts).
- [2] In die Suid-Afrikaanse samelewing is ek en ons gemeente en die gemeenskap waarin ons woon, die verskil.
- [3] As mense van Suid-Afrika met baie verskille in terme van geloof, agtergrond en sieninge, plaas ons gesamentlik ons hoop op God.
- [4] Ons weier om besluite te neem op grond van negatiewe emosies soos vrees en woede.
- [5] Teenoor onreg vra ons vir God: genesing, hoopvolle aksie en verhoudinge oor grense van ouderdom, geslag en kleur.
- [6] Lewensvreugde se bron is God en nie eksterne faktore nie. Ons bid vir hoop en goeie weer, maar oefen ons om gereed te wees vir die storm.
- [7] Vir ons is die hoofbron van inspirasie nie Facebook, televisie of braaivleisvuur-menings nie, maar eerder God se buitengewone genade.
- [8] Verskillende kultuurgroepe en verskillende tale sien ons as 'n geskenk van God in Suid Afrika wat ons verryk.
- [9] Bewustelik sal ons brûe bou tussen mense van verskillende inkomstegroepe, vlakke van opleiding en gelowe.
- [10] Bewustelik sal ons poog om insig te toon in ander tale en kulture asook ander menings.

Groete

Peet Crous

(Namens die predikantespan)



# Kontak ons!

☎ 012 348 1245

🕒 Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 12:30, Vry 07:30-12:00

✉ [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za);

🌐 [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za)

✉ Posbus 36430, Menlopark, 0102

📖 Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)

📞 084 588 4948 Juan Ferreira (koster)

📞 073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)

🏠 [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za) (lokaalhuur)

📞 012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)

🏠 [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za) (Muur van herinnering)

**Lidmaatskap:** Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za) – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za).

**Doopregistrasie:** Aanlynvorm: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za) – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za).

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.

Klein advertensies: stuur gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in *Gemeenskapsblad* op die web.

[Kliek hier vir die Gemeenskapsblad \(pdf\).](#)



Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!

Naam & Van: .....

.....

.....

@ .....

☎ .....

Enkel

Jonggetroude

Tiener

Gesin

Student

Senior-lidmaat

Jongvolwassenes

Tshwane het 'n nuwe noodnommer en 'n nuwe vloot in gebruik geneem!

In lewensbedreigende noodgevalle, bv. ambulans, brandweer en ramphulp van redding, kan die nommer 107 geskakel word. Dié nommer skakel direk deur na die Stad se beheerkamer en kan gratis vanaf 'n landlyn of selfoon geskakel word.

Almal word vriendelik versoek om asseblief wettig en ook in die regte rigting voor die kerk te parkeer tydens die eredienste, om verkeerspolisie-optrede te voorkom.

**Kennisgewingborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Herwinningshouers:**

In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels kartonhouers en blikkies plat.



Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.

Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA

Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014

(gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan

[finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of *Snap Scan*.

